# NATUURWETENSKAP EN TEGNOLOGIE

## Graad 5 ~ Kwartaal 1

## Plante en diere op die Aarde

### Baie verskillende plante en diere

### Verskillende soorte plante en diere

Alle plante en diere leef in verskillende habitatte.
Plante, diere en hulle habitatte vorm die totale **biodiversiteit** van die aarde. Party plante en diere word net in Suid-Afrika aangetref. Hierdie plante en diere is **inheems** aan ons land.

### Verskillende plante

Alle lewe op die aarde is afhanklik van plante.

- Party plante is so klein dat 'n mens hulle net met 'n mikroskoop kan sien. Ander plante, soos reuse bome, kan baie hoog word.
- Party plante kan dorings hê, of is vol hare, terwyl sommige taai is.
- Party plante dra blomme en vrugte. Blomme en vrugte kom in baie verskillende vorms, kleur en groottes voor.
- Selfs blare kom in verskillende vorms, kleur en groottes voor. Ons sien blare wat groot, klein, glad, grof, donkergroen of liggroen is en party het selfs rooi, geel of wit patrone.


madeliefies


vrugtebome


**fynbos**


waterlelie


mos

Plante groei amper oral op die aarde. Hulle groei op land, in die see, in **vars water**, op groot oop **vlaktes**, in woude, op bergtoppe, in woestyne en in koue sneeuagtige plekke.

### Verskillende diere

Diere leef ook in verskillende habitatte.
Hulle leef in of naby 'n woud, seesand, oseaan, rivier, riviermonding, berge, woestyn, savanna.

